

Genesing vir die pyn van verkragting en misbruik



bybelgenootskap
van suid-afrika

Verkragting is 'n destruktiewe daad wat strek oor tyd, ruimte en kultuur. Dis so oud soos die mens self en kan met enige iemand gebeur – selfs die dogter van 'n magtige koning.

Prinses verkrag

Om die die eeue oue verhaal van Tamar se verkragting te lees, ruk jou aan die hart, veral as 'n mens gekonfronteer word met die verkragting self en die rou emosie wat in die teks tot uitbarsting kom. Tog staan hierdie verhaal in die Bybel geskryf, nie net om die verval van Dawid se huishouding te ontbloot nie, maar ook om te wys dat dié wat seksueel aangerand en misbruik is, nie alleen is in hulle gevoel van skaamte, verwerping en verlatenheid nie.

Tamar was die dogter van koning Dawid. Haar halfbroer Amnon was “siek van begeerte” na sy suster wat 'n maagd was. Toe kom sy vriend Jonadab met 'n slinkse plan vorendag:

“Gaan lê op jou bed en maak of jy siek is. As jou pa dan kom kyk hoe dit gaan, moet jy vir hom sê: Laat my suster Tamar tog vir my iets te ete bring.” ...

Amnon het gaan lê en hom siek gehou. Toe die koning kom kyk hoe dit gaan, het Amnon vir hom gevra: “Laat my suster Tamar tog asseblief vir my twee hartvormige broodjies hier voor my kom bak sodat ek dit uit haar hande kan eet.”

2 Samuel 13:5a-6

In 'n samelewing waar vroue min regte geniet het, dink Dawid niks daarvan om

sy dogter opdrag te gee om te maak soos Amnon vra nie, ten spyte daarvan dat 'n jongmeisie nie in die geselskap van mans kon verskyn nie.

Dawid het 'n boodskap na Tamar by haar woonplek gestuur: “Kom tog na jou broer Amnon se woonplek toe en berei vir hom 'n ete voor.” 2 Samuel 13:7

Anatomie van 'n verkragting

Tamar het na haar broer se huis toe gekom terwyl hy op sy bed gelê het. Sy het deeg gevat en geknie en die broodjies voorberei en gebak waar hy dit kon sien. Maar toe sy die pan neem en dit vir hom neersit, het Amnon geweier om te eet.

Hy het beveel: “Gaan julle ander almal weg hier van my af.”

Toe hulle weg is, het Amnon vir Tamar gesê: “Bring jy die kos hier na die kamer toe sodat ek dit uit jou hand kan eet.”

Tamar het die broodjies wat sy gereed gemaak het, na haar broer in die kamer gebring. Net toe sy naby hom kom om hom te laat eet, gryp hy haar vas en sê vir haar: “My suster, kom lê hier by my.”

“Nee, my broer,” sê sy vir hom, “moet my nie onteer nie, want so iets word nie in Israel gedoen nie. Moet nou nie 'n dwaas ding doen nie. Hoe sal ek my skande kan wegsteek? En jý sal in die oë van Israel 'n dwaas wees. Praat liever met die koning, want hy sal ons toelaat om te trou.”

Amnon wou nie na haar luister nie. Hy het haar gepak en verkrag. Maar daarna het hy haar verag; hy het 'n groot afsku in haar gekry, en sy afsku was baie groter as sy verliefdheid.

Hy het toe vir haar gesê: “Loop!”

Maar sy sê vir hom: “Moenie die skande wat jy my aangedoen het,

vererger deur my weg te jaag nie.”

*Hy wou nie na haar luister nie en
beveel toe sy slaaf wat hom bedien:
“Smyt hierdie vroumens uit en sluit die
deur agter haar!”* [2 Samuel 13:8-17](#)

Tamar se lewe aan flarde

As 'n jong maagd was die verkragting waarskynlik vir Tamar onsettend pynlik. Haar vernedering was egter erger as die verkragting.

Nadat die slaaf haar uitgesit en die deur gesluit het, het Tamar stof op haar kop gegooi. Sy het haar lang mantel geskeur, haar hand op haar kop gesit en sover sy loop, het sy geskreeu. [2 Samuel 13:18b-19](#)

'n Stille sameswering

Geregtigheid word Tamar ontsê. Die verkragting word afgemaak as nie so ernstig nie, en sy word die swye opgelê. Nie net is haar reputasie aan flarde nie, maar haar toekomsdrome is vernietig.

Haar broer Absalom het toe vir haar gesê: “Was jou broer Amnon by jou? Toe maar, my suster, bly nou maar stil. Hy is jou broer. Moet jou nie hieroor verknies nie.” [2 Samuel 13:20](#)

Seksuele misbruik vernietig gesinne

Toe koning Dawid van alles gehoor het, was hy woedend en ... *daar was moord in Absalom se oë vandat Amnon sy suster Tamar onteer het.* [2 Samuel 13:32b](#)

Tamar het toe in haar broer Absalom se huis gaan bly en sy was 'n wrak.

[2 Samuel 13:20c](#)

Tamar word nooit weer in die Bybel genoem nie.

Heling vir die seer

Gebed gee God die geleentheid om in te tree en die wonde te heel en die pynlike aanraking wat slagoffers tydens die verkragting ervaar het, uit te wis.

*Ek het gekerm soos 'n voël wat kerm,
ek het gekla soos 'n duif.
My oë het moeg geword van opkyk
na die hemel toe.
Here, red my uit my ellende.*

*Wat kan ek sê?
Die Here het met my gepraat,
Hy het gedoen wat Hy gesê het.
Ek sal my hele lewe lank swaar loop
oor wat ek moes verduur.*

[Jesaja 38:14-15](#)

*Die Here het my gesalf
om 'n blye boodskap te bring
aan die mense in nood, ...
om aan te kondig dat die tyd gekom het
waarop die Here genade betoon,
die dag waarop ons God sy vyande straf
maar almal wat treur, vertroos,
die dag waarop Hy vir dié
in Sion wat treur,
eer gee in plaas van smart,
vreugde in plaas van droefheid,
blydskap in plaas van hartseer.*

[Jesaja 61:1b,2-3a](#)

Gebed vir slagoffers

Here, ek is gewond maar nie oorwonne. Genees my seer. Maak my heel. Amen.

Verkrachtingswaarskuwing!

'n Studie deur Interpol, die internasionale polisieagentskap, waarsku dat Suid-Afrika die wêreld se hoogste verkrachtingsyfer het.

'n Vrou word elke 17 sekondes in Suid-Afrika verkrag. Dit sluit nie die aantal kinderslagoffers in nie.

As jy of iemand na aan jou verkrag is, of gevaar loop om verkrag te word, kry hulp by die Krisissentrum of Life Line-raadgewer in jou omgewing.

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**

Uitgegee en versprei deur die
Bybelgenootskap van Suid-Afrika.



bybelgenootskap
van suid-afrika

www.bybelgenootskap.co.za